VOERTUIGBELEID

Inleiding

Hierdie dokument is die voertuigbeleid van Hoërskool Swartland soos die beheerliggaam dit op …….. goedgekeur het.

Die voertuigbeleid erken die toepaslike bepaling van die Suid Afrikaanse skolewet, Wet 84 van 1996 en soos vervat in ander tersaaklike provinsiale wetgewing.

Hierdie beleid moet saam met die skool se Gedragskode vir leerders, Sportbeleid en die Toerbeleid gelees word, en maak ook 'n integrale deel daarvan uit

1. Vervoer

1.1 Indien 'n skoolaktiwiteit leerder vervoer behels, moet die skool die aansoekvorm in bylae 1 by die regulasies volgens voorskrif voltooi en indien. (Aanhangsel A)

1.2 Indien die skool sy eie vervoer gebruik om leerders te vervoer, moet

(a) sodanige voertuie verseker wees en padwaardigheids sertifikate hê

(b) die bestuurders van die voertuie oor geldige rybewyse en profesionele bestuurspermitte beskik.

1.3) Indien die skool 'n maatskappy of privaat persone se voertuie gebruik om leerders te vervoer, moet die maatskappy of eienaar van die voertuie die volgende voorsien:

(a) Versekerings bewyse en padwaardigheids sertifikate

(b) Passasiersaanspreeklikheids Versekering

(c) 'n Geldige rybewys en profesionele bestuurspermit vir elke bestuurder

1.4 Die vervoermaatskappy of die eienaar van die voertuig moet n aflos bestuurder, 'n vervoerondersteuningstelsel sowel as 'n alternatiewe roete voorsien.

1.5. Elke voertuig wat leerders vervoer, moet met 'n brandblusser toegerus wees.

1.6 Elke voertuig wat aan die skool behoort, moet oor 'n kontrole lys beskik, waar die voertuig nagegaan is en enige defekte aangeteken moet word.

1.7 Die skoolhoof/sy gedelegeerde/sportorganiseerder is verantwoordelik dat voertuie stiptelik gediens word en dat lisensies stiptelik uitgeneem word.

1.8 Die skoolhoof, toesighoudende opvoeder of lid van die beheerliggaam moet ingryp indien daar enige twyfel oor die padwaardigheid van die voertuig of die bevoegdheid van die voertuigbestuurder bestaan.

1.9 Wat die aanmeld van enige ongeluk by die polisie betref, moet die skoolhoof, toesighoudende opvoeder of lid van die beheerliggaam met die voertuigbestuurder of -eienaar skakel en self die ongeluk binne 48 uur aanmeld indien die voertuigbestuurder of –eienaar versuim om dit te doen.

1.10 Geen leerder mag na en/of van n skoolaktiwiteit vervoer word sonder dat sy/haar ouers/voogde die nodige toestemming en vrywaringsvorm vir sodanige vervoer onderteken het nie.

1.11 Leerders wat van skoolvervoer gebruik maak, mag slegs van privaat vervoer terug gebruik maak indien daar vooraf met die voertuigbestuurder of toesighoudende opvoeder so gereël is.

1.12 Sodra die voertuig terug is van 'n byeenkoms, moet die leerders/ toesighoudende opvoeder of bestuurder toesien dat die voertuig in 'n skoon en netjiese toestand gelaat word.

2. Motorvoertuie en motorfietse

2.1. Leerders mag nie motorvoertuie of motorfietse op die skoolterrein bring nie, tensy hulle oor die vooraf skriftelike toestemming beskik van die skoolhoof/sy gedelegeerde en tensy hulle stiptelik aan enige voorwaardes voldoen waaraan gemelde toestemming onderhewig kan wees. Indien n leerder nie in besit is van sodanige toestemming wanneer hy/sy deur enige lid van die personeel, beheerliggaam, VRL of n skoolleier versoek word om dit te doen nie, sal daar aanvaar word dat hy/sy nie oor sodanige toestemming beskik nie, totdat hy/sy die teendeel kan bewys.

2.2. Die bestuur van 'n motorvoertuig of motorfiets deur 'n leerder sodat dit 'n gevaar of moontlike nadeel vir ander leerders op die skoolterrein of ander leerders en lede van die publiek in die onmiddelike omgewing van die skoolterrein inhou, is streng verbode.

2.3. Alle motorvoertuie, motorfietse en fietse word op eie risiko op en om die skoolterrein en binne die munisipale regulasies parkeer.

3. Verhuring van voertuie

3.1 Die skool se voertuie is nie beskikbaar vir uitverhuring nie. Die voertuie kan na oorweging en goedkeuring van die beheerliggaam slegs beskikbaar gestel word waar die skool se kinders in kerkverband of sportverband 'n geleentheid gaan bywoon. Die beheerliggaam sal diskresie gebruik om te bepaal of huur wel gevra sal word aldan nie (Sien ook Verhuringsbeleid). AA tariewe sal gehef word indien die voertuie nie kosteloos beskikbaar gestel word nie.

Die skoolbeheerliggaam kan hierdie beleid van tyd tot tyd wysig, aanvul, aanpas of verander.

GETEKEN TE _____ OP HIERDIE ___ DAG VAN _____20__

_____

Beheerliggaamvoorsitter

_____

Skoolhoof